

12 Februarie 2014

Skrifgedeelte: 2 Kronieke 5
Fokusgedeelte: 2 Kronieke 5:13

Dien die Here uit één mond saam met jou medegelowiges!

Die inwyding van die tempel in Jerusalem was vir Salomo en die hele volk 'n geleentheid van groot opgewondenheid en dankbaarheid. Ná sewe jaar se deeglike beplanning en harde werk het die groot dag uiteindelik aangebreek! Let op die oorgegewe manier waarop almal soos een man saamgewerk het om die verrigtinge glad te laat verloop.

Op 'n gegewe oomblik het die optog in die rigting van die nuutgeboude tempel begin. Soos voorgeskryf, het die Leviëte die ark na die tempel toe gedra. Beeste en kleinvee is as teken van dankbaarheid geoffer. By die tempel het enkele priesters die ark geneem en dit in die Allerheiligste, onder die vlerke van die gerubs, neergesit.

In 'n gebaar van die uiterste toewyding het die res van die priesters en Leviëte intussen die afgesproke oomblik afgewag. Sommige net met hulle sangstemme, en ander met simbale, harpe, liere en trompette. Soos een man het hulle almal op die regte oomblik die lof en dank aan die Here laat weerklink. Soos toe Dawid die ark suksesvol uit die huis van Obed-Edom in Jerusalem ingebring het (1 Kron. 15, 16), het hulle ook nou uit Psalm 136 soos een man gejubel oor God se goedertierenheid waaraan daar geen einde is nie.

Die klem lê in vs. 13 swaar op die *een stem* wat uit verskeie monde en musiekinstrumente tot die Here opgestyg het en waarop Hy goedkeurend geantwoord het deur die hele tempel met 'n wolk van heerlijkheid te vul. Maak seker dat jy in jou aanbidding die belangrikheid van die een stem nooit vergeet nie. Vir God wat IS wat Hy IS, is kerklike harmonie 'n belangrike saak. Ná die Pinkstergebeure is jy 'n tempel in wie die Gees van Christus woon. Leef daarom sigbaar en bewustelik in God se heilige teenwoordigheid. Wees een in Christus, die Vervulling van die tempel. En dien Hom as gelowiges, elkeen met sy en haar eie gawes, soos met een stem!

Sing: Psalm 136:1, 2, 19, 20 (1936)

Ds JJ (Koos) Cloete (Hermanus)